

ZXSWB – Verkryging van Gewone Aandele in Senwes Beperk

Agribel Beherend Beperk - ZXSWB

ISIN Nommer: ZAEZ00000026

(Ingelyf in die Republiek van Suid Africa)

Registrasie Nommer: 1996/017629/06

("Agribel" of "die Maatskappy")

VERKRYGING VAN GEWONE AANDELE IN SENWES BEPERK

1. Inleiding

Agribel-aandeelhouers word hiermee in kennis gestel dat Agribel 'n ooreenkoms met Grindrod Trading Holdings Eiendoms Beperk ("**GTH**"), 'n volfiliaal van Grindrod Beperk, gesluit het op 28 Desember 2020 ("**Ooreenkoms**") ingevolge waarvan Agribel ooreengekom het om vanaf GTH sy totale aandeelhouding in Senwes Beperk te bekom ("**Senwes**"), naamlik 37 395 213 Senwes gewone aandele ("**Verkoopsaandele**") vir 'n kontant koopsom van R 385 170 693.90 ("**Koopprys**") ("**Transaksie**").

2. Rasionaal vir die Transaksie

Die Direksie van Agribel is van mening dat die verkryging van die Verkoopsaandeel 'n beduidende waardeproposisie is met inagneming van die huidige netto batewaarde van Senwes Beperk. Dit bied ook 'n unieke geleentheid om Agribel se strategiese belang in Senwes aansienlik te verhoog. Die Raad is dus vol vertroue dat die voltooiing van die Transaksie wesentlike waarde tot Agribel sal toevoeg.

3. Bepalings en voorwaardes van die Transaksie

3.1 Effektiewe datum

Die Verkoopsaandele word deur GTH aan Agribel verkoop met effek vanaf die derde werksdag na die vervulling of afstanddoening, welke ook al van toepassing, van die laaste van die Vervullings Voorwaardes (soos omskryf in paragraaf 3.3) ("**Sluitingsdatum**").

3.2 Koopprys

3.2.1 Die Verkoopsaandele word deur GTH aan Agribel verkoop vir die Koopprys, wat op die Sluitingsdatum betaalbaar is.

3.2.2 Die Koopprys sal verminder word deur die bedrag gelykstaande aan enige dividend wat verklaar word ten opsigte van die Verkoopsaandele gedurende Desember 2020 en wat aan GTH betaal word (vir doeleindes van duidelikheid, die prysaanpassing is afhanklik daarvan dat die Verkoopsaandele ingevolge die Ooreenkoms na Agribel oorgedra word, voor of na die rekord vir datum vir enige dividend).

3.3 **Vervullings Voorwaardes**

Die Ooreenkoms is onderhewig aan die vervulling, of die skriftelike kwytskelding deur beide partye tot die Ooreenkoms, van die volgende voorwaardes, teen nie later nie as 17:00 op 31 Maart 2021:

- 3.3.1 Skriftelik bevestiging deur Agribel dat Agribel die befondsing wat vereis word om die Koopprys te betaal, verkry het; en
- 3.3.2 Goedkeuring van die Transaksie by wyse van 'n skriftelike besluit deur die direksie van Agribel.

3.4 **Voorstellings en waarborge**

Die Ooreenkoms bevat voorstellings en waarborge deur GTH ten gunste van Agribel, en deur Agribel ten gunste van GTH, wat as standaard vir 'n transaksie van hierdie aard beskou word.

4. **Finansiële inligting**

Daar word verwag dat die finansiële uitwerking van die Transaksie op Agribel, indien die hele Koopprys gefinansier word, soos volg sal wees:

- Wesensverdienste per Aandeel (HEPS) sal na verwagting met 0,004% daal;
- Die netto batewaarde sal na verwagting met 17,79% styg op grond van die finansiële inligting soos op 30 April 2020;
- Die netto batewaarde sal na verwagting met 19,01% styg op grond van die finansiële inligting soos op 31 Oktober 2020.

Die *pro forma* finansiële effek is bereken in ooreenstemming met die SAIGR- handleiding ingevolge waarvan *pro-forma* berekeninge getoon word indien die Transaksie aan die begin van die verslagdoeningstydperk gebeur het of, in die geval van *pro forma* finansiële posisie, op die datum waarop berig is.

AE Scholtz
MAATSKAPPY SEKRETARIS
Telnr. (076) 212 1776
Klerksdorp

28 Desember 20202